Wys my die weg, Here

# God kyk anders

## Bybelteks

*Maar die Here het vir Samuel gesê: "Moenie na sy voorkoms en sy rysige gestalte kyk nie, want Ek het hom afgekeur. Dit gaan immers nie oor wat die mens sien nie, want: "Die mens kyk na wat hy sien, maar die Here kyk na die hart."*

**– 1 Samuel 16:7**

## Kernwaarheid

**God kyk nie soos mense na die uiterlike nie; Hy kyk na ons hart en ons karakter.**

### WELKOM

Dink aan die video wat julle by die ontmoeting gekyk het.

- Watter verwagtings word daar aan mense gestel op verskillende vlakke van die lewe?
- Hoekom dink jy is daar soveel fokus op die uiterlike?
- Wat dink jy is die gevolge van die standaarde wat aan mense gestel word?

## WONDER

- Hoekom dink jy het Samuel gedink Eliab gaan God se keuse vir 'n nuwe koning wees?
- Dink aan kere waar jy al gesien het hoe mense hoofsaaklik op grond van hulle uiterlike beoordeel word. Skryf 'n paar voorbeelde neer.
- Wat is vir God belangrik in mense (1 Sam 16:7)?
- Watter karaktereienskappe is vir jou mooi in iemand?

## WEES

Skryf drie tot vyf sterk punte van jouself hier neer.

## WEGSTUUR

Bid hierdie week vir jou groeplede. Sê vir die Here dankie vir die sterk punte en gawes wat Hy vir elkeen gegee het.